**“Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid”**
(Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF DESEMBER 1973

Ek groet alle broeders en susters hartlik in die kosbare naam van ons HERE Jesus Christus met die woord van Lukas 21, vers 36: *“Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan”.*

Ons leef in ‘n baie onstuimige tyd waarin dinge van wêreldbelang oornag kan verander. Ons neem die gebeure van die laaste dae met groot aandag waar en vind uit dat die tekens van die tye nie meer aan die kom is nie. Voor ons oë sien ons die vervulling van die profetiese woord. Daarom roep ons mekaar toe: *“Jesus kom spoedig!”. “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug ...”.*

Weereens staan ons op die drumpel van 'n nuwe jaar. 'n Jaar het nog skaars begin, dan is dit gou verby. ’n Liedjieskrywer het geskryf:

> *“Hoe vinning gaan die tyd verby, vriend dink daaraan. Spoedig kom die ewigheid, wanneer mens niks meer kan doen nie.”*

Niemand is gevra of hy na hierdie wêreld wil kom nie en niemand word gevra of hy hierdie wêreld wil verlaat nie. Om te lewe en te sterf is 'n goddelike moet. Hoe sal ons van hier af gaan, met of sonder Christus? Waar sal ons die ewigheid deurbring? Die ewige lewe is nie onseker nie, want Christus is die ewige lewe. Net hulle wat Hom in geloof aangeneem het, besit dus die ewige lewe.

Wanneer die einde van die jaar nader kom, raak ons stil en hou ons nadenke. Ons besin oor die goeie en slegte wat met ons gebeur het en oorweeg of ons 'n seën vir ander was. As gelowiges vra ons onsself af of ons met ons dade teen God bestand kan wees. Ons moet te alle tye 'n gesindheid van selfondersoek hê, want die HERE kan ons onverwags individueel of gesamentlik wegneem.

Dit is met diepe dankbaarheid dat ons deesdae sien hoe die werk van God sy hoogtepunt bereik. As ons na die afgelope eeue kyk, vind ons dat die bou-struktuur van God soos 'n piramide is. Dit het op 'n breë basis begin en nouer en nouer geword, maar dit het hoër gegaan. In die begin was daar 'n groot aantal, wat die boodskap van God en die werk van die Heilige Gees gevolg het. In die dae van die Hervorming het groot skares in die prediking van die evangelie geglo. Met elke daaropvolgende herlewing het die getal van diegene wat die ware boodskap van God geglo het, afgeneem. Die werk van die Heilige Gees het egter dieper en dieper gegaan.

Op hierdie tydstip verwag ons nie 'n wêreldwye herlewing op ‘n breë basis nie, maar 'n Heilige Gees gewerkte, kragtige herlewing van die Bruidgemeente op 'n bybelse basis. Die Gemeente van die HERE moet deurtrek wees van Jesus se karakter, met Sy liefde gevul en toegerus wees met Sy krag. Baie het regverdigmaking deur geloof aanvaar, maar minder het heiligmaking deur die Gees gevolg. Die getal van diegene wat die doop met die Gees ervaar het, was selfs nog minder. Die eindtydboodskap word slegs deur die oorblyfsel van God se kinders aangeneem, die klein kuddetjie op wie die welbehae van God rus. Hulle sien en luister na wat God deur die openbaring van die Gees vir Sy volk sê. Mag ons waardig word om te ontvlug wat ook al oor die aarde gaan kom in hierdie laaste geslag, om voor die HERE te staan.

Die sluitsteen word in die Huis van God gelê. Christus moet as dieselfde in Sy Gemeente geopenbaar word. Hy is die Hoeksteen en die Sluitsteen; die Alfa en Omega, die begin én voleinding van ons geloof. Hy voltooi self Sy Gemeente op die dag van Sy heerlike Wederkoms.

## Israel in profesie

In hierdie profetiese tydperk word God se Woord op menigvuldige maniere voor ons oë vervul. God doen belangrike dinge, nie net in die Gemeente nie, maar ook in Israel. Hy sê: *“En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word”* (Sag. 12:3).

In hierdie dae is die aandag van die hele wêreldbevolking weer op Israel gerig. Die meeste besef egter nie dat die HERE God die profesieë van die profete vervul nie. Hy self het belowe dat Hy aan die einde van die dae Israel uit al die volke sal versamel en hulle na die beloofde land sal terugbring. Hy sal hulle plant en niemand kan hulle ontwortel nie. Hy is op die punt om Sy seëninge en heil oor Israel uit te stort.

Gelowiges regoor die wêreld, ongeag hul regering se houding, het vir Israel gebid. Terwyl Israel die groot versoeningsfees gevier het, het die vyande hulle aangeval. Nêrens in die wêreld vind ons sulke haat soos tussen die nageslag van Isak en Ismael nie. Albei kan na Abraham verwys as hul vader. Net die Woord van God wys vir ons waarin die onderskeid lê. Paulus beskryf in Galasiërs 4, verse 21-30, die betekenis van die seuns van Abraham. Vers 22 sê: *“. . . dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye, deur die belofte*”. Hierin lê die geheimenis. Die belofte wat God aan Abraham gemaak het, was nie aan Ismael gemaak nie, maar slegs aan Isak. Hy was die regmatige erfgenaam en het die seën van die Almagtige God ontvang. Die belangrikheid van 'n goddelike belofte kan nie oorskat word nie, want die seën van God is daaraan verbonde. In vers 28 gaan Paulus voort: *"Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte."*

Ware kinders van God is kinders van belofte. Hulle glo wat God aan Sy eie beloof het, hulle is erfgename van God en mede-erfgename met Jesus Christus. Uitsonderlik is dat die Israeliete nie die Arabiere, die nageslag van Ismael, haat nie, maar altyd gereed is om vir hulle liefde te betoon. Maar die Ismaeliete haat die Israeliete, die nageslag van Isak, met 'n dodelike haat. Wat in die natuurlike onder die nageslag van Abraham plaasvind, sien ons ook in die Christendom verwesenlik. Diegene wat uit God gebore is, wat die belofte van die Woord en die Gees ontvang het, word deur die ander gehaat en vervolg.

Die martelaarskap bewys hierdie feit duidelik. Paulus stel dit so: *“maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook”* (vers 29). Gelowiges is nie verbaas oor wat in die Midde-Ooste gebeur nie, want hulle sien dit as

die vervulling van die Skrif. Alhoewel dit nog nie duidelik is watter verloop dinge gaan neem nie, weet ons dat Israel tot 'n verbond moet instem. Volgens die profesie van Daniël 9 sal die Jode vir die laaste sewe jaar die verbond toetree.

Tot nou toe was geen direkte vredesonderhandelinge moontlik nie, maar nou is die pad duidelik. Hierdie oorlog het tot hiertoe nog 'n ongekende maar noodsaaklike situasie geskep. Internasionaal-erkende grense sal onder druk van die groot moondhede kom, want die Skrif moet vervul word: *“. . . wanneer hulle sê: (Daar heers nou) Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle . . .”.* Die vyande van Israel sal instem tot die afbakening, maar hulle haat sal aanhou toeneem tot die dag wanneer hulle, volgens Esegiël 38 en 39 Israel met al hulle bondgenote sal aanval. Die Jode is nog nie bewus van die manier waarop die beloftes vervul word nie. Hulle oë word vasgehou soos Paulus in IIKorinthiërs 3:15 skryf: *"Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart".*

Onder die uitverkorenes in Israel is die verwagting van die Messias groot. In hulle harte is die verlange na verlossing en bevryding. Die tyd vir Israel as 'n hele nasie kom nie voordat die volle getal uit die volkere die Gemeente binnegegaan het nie. Paulus skryf verder: *“... maar wanneer hulle tot die HERE bekeer is, word die bedekking weggeneem”* Dit kan eers gebeur ná die wegraping van die Bruidgemeente.

Hoe kan ons die gebeure van hierdie tyd plaas? Onder die ware gelowiges is die ernstige vraag: hoe lank sal die genadetyd duur en wanneer is die HERE se Wederkoms? Die tekens van die tye spreek duidelik tot ons. Die vyeboom is in volle blom. Die profetiese woord word voor ons oë vervul.

## Die 70 jaarweke van Daniël

Baie wat die woord van profesie bestudeer, vra gedurig die vraag, hoe die 70 jaarweke van Daniël verdeel word. Die engel Gabriël het die profeet Daniël opdrag gegee oor die sesvoudige doel van die heilsplan vir Israel.

In Daniël 9 vers 24 staan: *“Sewentig jaarweke is oor jou volk en jou heilige stad bepaal . . .”*

1. om die goddeloosheid te voleindig
2. om die maat van sondes vol te maak
3. om die ongeregtigheid te versoen
4. om ewige geregtigheid aan te bring
5. om gesig en profeet te beseël
6. om wat hoogheilig is, te salf.

Eerstens moet die goddeloosheid tot 'n einde gebring word. God het deur die profeet Esegiël gesê: *"... want die land is vol bloedvergieting en die stad vol geweld"* (7:23). In hoofstuk 45, vers 9 sê dit: *"... Dit is nou genoeg, o vorste van Israel! Verwyder geweld en verdrukking, en doen reg en geregtigheid . . .".* Deur die profeet Jesaja sê die HERE: *"Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste — Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie!"* (Jes. 1:13).

Almal wat die verbond oortree wat God met Israel gesluit het, sal beskaamd staan. Die profeet Daniël het geprofeteer: *"En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree".* Ten tye van die vervulling van hierdie profesie sal die verontwaardiging in Israel uiteindelik tot 'n einde gebring word. Hulle sal weet wat God in geregtigheid en heiligheid vir hulle gedoen het.

Tweedens moet die mate van sonde voleindig word. Die HERE verwag van Israel om in die Messias te glo. Maar hulle het Hom nie herken nie en so die sonde van ongeloof gepleeg. Israel se grootste sonde was hul verwerping van die Messias. Maar wanneer hulle tyd sal aanbreek, sal hulle, volgens Sagaria 12, vers 10, die een erken vir wie hulle deurboor het: *"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind".* So word 'n einde aan die verskriklike sonde van ongeloof gemaak. *". . . dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die HERE: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe . . . en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie"* (Hebr. 8: 10-13).

Derdens moet die verskuldiging en ongeregtigheid versoen word. Die HERE Jesus het na Sy volk (Israel) gekom, maar hulle het Hom nie aangeneem nie. Vir hulle skuld het Hy versoening bewerk, deur Sy dood op Golgota, maar hulle het toe nie hierdie versoening aanvaar nie. Toe hulle die Messias verwerp het en uitgeroep het: *"Sy bloed kom op ons en op ons kinders!"* het verlossing na die heidene oorgegaan. Maar wanneer die HERE Hom tot Israel terugwend, sal hulle hul skuld-versoening vir die ongeregtigheid, deur Christus hulle Messias aanneem. Die profeet Jesaja profeteer: *"as die HERE die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging. Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees"* (Jes. 4: 4-5).

Die vierde doel was om ewige geregtigheid aan te bring. God self is ewig en Sy geregtigheid is ook ewig. Die ewige lewe en die ewige geregtigheid van God sal aan hulle gegee word in Jesus Christus. Die profeet Jesaja skryf: *"Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid. Maar daar sal verbreking wees van die oortreders en die sondaars almal saam; en die wat die HERE verlaat, sal omkom"* (Jesaja 1: 27-28). In daardie tyd sal die Israeliete nie meer die geregtigheid van die wet nie, maar ewige geregtigheid in geloof in die Messias aanneem: *". . . Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing"* (IKor. 1:30).

Vyfdens, moet die visioene, die profesieë en die profeet bevestig word. Op daardie tydstip sal God self kennis van die goddelike openbaring van die verlossingsplan skenk en hulle sal dan die vervulde profesieë en visioene herken. Die uitverkorenes in Israel het nog altyd geglo aan hulle profete, aan wie God gesigte gegee het, en waardeur Hy in profesieë tot hulle gespreek het. Israel was geleer dat hulle eers na die profete moet luister, wanneer hulle profesieë bevestig en vervul is.

Die sesde, ter afsluiting, praat van die salwing van die Allerheiligste. In die Ou Testament was die openbaringstent, die tabernakel, en ook die priesters en die voorwerpe van die HERE deur die sal-

wing gewy tot die diens van God (Levitikus). So sal die tempel van die HERE, die plek van God se openbaring, aan die begin van die millennium gesalf wees as die allerheiligste.

Die engel Gabriël het die volgende aan die profeet Daniël gesê: *“Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word”*

Die sewentig jaarweke vir die volk Israel is in drie tydperke ingedeel. Die eerste tydperk strek oor sewe weke van jare en het in Maart 445 vChr begin. Na die Babiloniese ballingskap geëindig het, moes Jerusalem weer herstel word en met markpleine voorsien word. Nehemia het getrek na Jerusalem toe en gesê: *“Daarop sê ek vir hulle: Julle sien die nood waar ons in is, dat Jerusalem woes lê en sy poorte met vuur verbrand is; kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer 'n voorwerp van smaad kan wees nie . . . En hulle sê: Ons sal ons klaarmaak en bou! En hulle het hulle hande sterk gemaak vir die goeie werk”*.

Dit het hulle sewe jaarweke geneem om Jerusalem weer te herbou, aldus 49 jaar. Tweedens gaan dit oor die 62 jaarweke, aan die einde waarvan die Gesalfde, die Messias, Sy lewe in versoening gegee het. Hier moet ons die 7 jaarweke (= 49 jaar), en die 62 jaarweke (= 434 jaar), saam tel. Dit maak 'n totaal van 483 jaar. Die eerste tydperk het in 445 vChr begin en die tweede het geëindig met die dood van Jesus Christus.

In die profetiese betragting word ‘n jaar met net 360 dae en nie 365 dae bereken. In Openbaring vind ons dieselfde tydperk van 3½ jaar aangegee as 42 maande of as 1260 dae (1260 / 3½ = 360).

Die volgende aanhalings van Broeder Branham weergee ek sonder kommentaar. Ek sal ook geen vrae in hierdie verband beantwoord nie. My uitsluitlike doel is om almal te help sodat niemand 'n spesifieke tyd kan vaslê nie. God alleen sal daarvoor sorg dat alles presies volgens Sy plan en wil verloop.

Broeder Branham het die onderwerp van die 70 jaarweke vanuit verskillende oogpunte gedek. As profeet van God het hy die onderskeie aspekte van die heilsgeskiedenis gesien. Met verwysing na die bediening van die twee getuies, het hy gepraat van 3½ jaar wat vir Israel bestem was en daarop gewys dat die HERE Jesus reeds 3½ jaar vir die Jode gepreek het. Maar met verwysing na die hele tydsbestek ná die wegraping, praat hy van sewe jaar. Albei is korrek, as dit korrek georden word.

Hiermee gee ons dan die vertaalde aanhalings uit die preek van Broeder Branham oor die "70 JAARWEKE VAN DANIËL", gepreek op 6 Augustus, 1961, in Jeffersonville, Indiana.

Begin van aanhalings:

> “Nou is daar nie meer enige raaiwerk daaroor nie. Ons weet nou, dat een (profetiese) week beteken sewe jaar. Verstaan julle dit? Kom ons sê dit saam: ‘Een week is gelyk aan sewe jare!’. Nou weet ons dat ons dit het. Een week is gelyk aan sewe jaar!” . . . “Dit het 49 jaar geneem om die tempel te herbou” . . . “Geen spesifieke tydperk was vir die nasies gestel nie. Jesus het net in Lukas 21, vers 24 gesê: *‘. . . Jerusalem sal vertrap word deur die heidene, totdat die tye van die heidene uitgeloop het’*.” . . . “Daar is 'n vasgestelde tyd, maar niemand weet wanneer dit sal eindig nie. Dit is 'n verborgenheid”.
>
> “Nou, die sewe weke was 49 jaar. Ons verstaan dit nou duidelik. Een week is sewe jaar.” . . . “Sedert die bevel gegee is om die stad op te bou tot die Messias, tot Christus die Gesalfde kom, moet 7 en 62 jaarweke, dws., ‘n totaal van 69 jaarweke wees; 69 x 7 gee 483 jare.”
>
> “Volgens Openbaring 11, sal die twee profete vir 1260 dae profeteer, tot in die middel van die laaste week van die Jode. Dan sal hulle doodgemaak word en Armageddon plaasvind.”

“Ons sien dat alles wat nog moet gebeur (met Israel) in die tyd van die sewentigste week sal gebeur. Siende dat hulle alreeds presies 69 jaarweke gehad het en alles vervul is soos God gesê het dit sou wees, is daar nog een jaarweek oor van wat aan die Jode belowe was.”

“Wanneer sal die 70ste jaarweek begin? Nadat die Gemeente weggeneem word, draai God na die Jode. Moet dit nie vergeet nie!”

“Sodra die Gemeente weggeneem word, gryp die Jode dit aan en kom in. Die volgende ding wat nou voor ons staan is nie 'n nasionale herlewing onder die heidene nie, volgende is die koms van die koninkryk van God, die koms van Christus”.

“Wanneer sal God hierdie laaste week begin? Wanneer? Dit kan selfs vandag wees. Dit kan voor sononder wees. God sal dit bekend maak. Ek weet nie wanneer dit sal wees nie, maar ek sal vir julle iets daaroor sê binne ’n paar minute. Ek weet nie of julle dit sal glo of nie, maar ek moet dit sê.” . . . “Die Jode is in hul vaderland. Ons is aan die einde van die eeu, gereed vir die wegraping. Wanneer die wegraping gebeur, sal die Gemeente opgeneem word en ons ontmoet Hom in die lug. Dit weet ons almal . . . So eindig die heidene se tydsbestek”.

“So, daar is nog net een week oor vir die Jode. Is dit korrek? En dit is presies sewe jaar. ‘n Volle sewentig jaarweke was bestem vir die volk Israel. Ons weet dus, dat nog sewe jare oorbly vir die Jode. Is dit korrek? Let dit tog op! Laat weet my sou daar nog ’n vraag daaroor wees”.

“God sal die 144 000 uit die Jode uitroep, deur die twee profete . . . Maar onthou! Dit gebeur in die sewentigste jaarweek terwyl die Gemeente in heerlikheid is. Amen! — en die bruilofsmaal plaasvind."

“Die oomblik waarin die Gemeente weggeraap word, begin die sewentigste week, die sewe jaar. Kan julle dit sien vriende? Indien wel, steek op julle hande. Dankie."

“Die oomblik wat die Gemeente weggeneem word, begin die die sewentigste week, die sewe jaar. Luister nou! Ek herhaal dit, sodat julle nie vergeet nie. Dit is wat die Heilige Gees my gegee het terwyl ek geskryf het.”

“Ons is in die gemeentelike tydperk van Laodisea. Christus word deur Sy eie Gemeente verwerp. Die boodskapper van hierdie tydperk het die boodskap gebring. Israel is in hul land. Sien julle waar ons ons bevind? Ons is aan die einde."

“Gedurende die afgelope veertig jaar het die Jode na Jerusalem teruggekeer. Hulle gaan na hul tuisland. Sien jy waar ons is? Veertig jaar het verloop ná die kruisiging van die Messias, voordat die Romeinse generaal Titus die Tempel vernietig en die Jode verstrooi het."

“Nou sien, ons het gevind dat die Jode vir die laaste veertig jaar terugkeer.” . . . “Dit is omtrent dieselfde tyd soos ná die kruisiging van Christus, tot met die vernietiging van die tempel en die verstrooiing van die Jode.”

“Die prins, die antichris, sal 'n verbond met die Jode sluit en in die middel van die week — na 3½ jaar — sal die dier die verbond verbreek."

“Ons stel vas dat die Protestantse organisasies opgeneem word in die Wêreldraad van Kerke — 'n beeld van die dier. Die Jode word in hierdie konfederasie ingeroep. Ja inderdaad, en hulle stem in. Dit is wat die Bybel sê. Dan maak hy 'n verbond met hulle, wat in die middel van die sewentigste week verbreek word. Hy — die Antichris — verbreek sy verbond met die Jode.”

“Let nou op! Die daaglikse offer sal ingestel word nadat die tempel herbou is: en die vors wat sal kom, gaan die verbond verbreek en wegdoen met die daaglikse offer . . . en hierdie verwoesting sal tot die einde toe hou."

“Is daar nie nou hongersnood in die land nie, met die ware Gemeente wat honderde kilometers ry om die Woord van God te hoor? Die honger is nie na brood alleen nie, maar om

die Woord van God te hoor. Ons leef nou in die middel daarvan."

"'n Treffende verklaring: Vanaf die tyd toe God aan Abraham die belofte gemaak het in Genesis 12, tot die verwerping van Christus in (die jaar) 33 nC, volgens Galasiërs 3, verse 16-17 en volgens Usher se kronologie van die Hebreers, werk die krag van God presies 1954 jaar onder die Jode . . . nadat hulle Christus verwerp het, het Hy hom tot die heidene gewend, om 'n volk vir Sy Naam te neem (Handelinge 15:14). As ons die tydsberekening doen, dan het die Gemeente vanaf 33 nC tot 1977, ook 1954 jaar waarin God met ons deel, soos met die tydperk van die Jode . . ."

"Ons verstaan dus dat vanaf die eerste jubeljaar, volgens Levitikus 25, verse 8-10, sal 1977 die sewentigste jubeljaar wees" . . . "en wat sal dit wees? O, broeder! Wees nou oplettend. Moet dit nie mis nie! Dit sal die bevrydingsjaar wees waarin die heidense Bruid heengaan en Christus terugkeer na die Jode, wanneer hulle van hul slawerny bevry word. Amen! Van regoor die wêreld kom hulle daar bymekaar vir daardie dag. Ons weet nie watter tyd dit gaan gebeur nie. Ons is in die eindtyd."

"Ek het in 1933 gesê dat, volgens die verloop van tyd, alles teen 1977 vervul sal wees . . . God ken my hart. Tot gister het ek nie geweet dat 1977 weer 'n jubeljaar gaan wees nie. Dan sal dieselfde hoeveelheid tyd verloop het as wat Hy aan Israel gegee het. Ons is aan die einde van die tydperk — by die aanbreek van die sewentigste jaarweek. Ons weet nie watter tyd die Gemeente weg sal wees nie."

"Ek wil nie hê iemand moet hiervandaan weggaan met ’n wan-indruk nie. Niemand moet wat gesê was verkeerd verstaan en gaan sê dat Broeder Branham gesê het Jesus kom in 1977 nie. Ek het nie so gesê nie. Jesus kan selfs vandag kom. Ek het net voorspel dat daar tussen die jare ’33 en ’77 iets sal gebeur en dat die dinge wat in visioene aan my gewys was, vervul sal wees. Vyf van hulle het reeds gebeur."

> "Is julle nie gelukkig nie? Terug na die boodskap, broeder! Terug na die oorspronklike! Terug na Pinkster! Terug na die ware seëninge! Terug na die naam van Jesus Christus! Terug na die doop van die Heilige Gees! Terug na die tekens en wonders! Terug na Pinkster! Weg met die organisasie! . . ."

Einde van aanhalings.

## Slotsom

My opdrag bestaan uitsluitlik daarin, dat die God-geopenbaarde Woord oorgedra word; dat die opgestoorde voedsel uitgedeel word. Ek wil graag hierdie roeping pligsgetrou uitvoer en my nie by enige spekulasie inlaat nie. Ons staan vasberade teen alle en enige eie uitlegging van die Heilige Skrif en die geopenbaarde Woord in hierdie tyd. Ons distansieer onsself bewustelik van elke broeder en enige groep wat nie by die Woord van God alleen hou nie.

Dit is voor-die-hand-liggend dat die HERE God die profetiese Woord met Sy uitlegging en vervulling bekend gemaak het. Ook het die HERE alle bybelse leringe in die gemeente opnuut op die kandelaar geplaas. Die hele Raad van God is verklaar, soos Hy dit geopenbaar het aan Sy dienskneg en profeet. Daar is nou geen rede, dat ons oor sekere dinge moet besluit nie. **God het alles vasgelê, en dit is genoeg.** God het reeds bepaal of daar drie of sewe jaar sal wees, na die Wegraping van die Bruidgemeente tot die vestiging van die millennium. Hy sal ons nie daaroor uitvra, om te sien of ons reg of verkeerd daaroor was nie. Vir ons is dit belangrik dat ons die boodskap van die eindtyd vir ons voorbereiding en volmaaktheid gebruik, sodat ons sodoende in staat kan wees om deel te neem aan die bruilofsmaal van die Lam.

'n Dienskneg van God is nie twisgierig of eiesinnig nie. Hy dikteer nie sy kennis dogmaties aan ander nie, maar verkondig die Woord van God in die liefde van God, aangedryf deur die Heilige Gees. Paulus het die geestelike standpunt, die ware gesindheid van ’n dienskneg van God vir die verkondiging duidelik uiteengesit in IKorinthiërs 2.

Ons moet in alles deeglik en waar wees. Na die heengaan van Broeder Branham, het ons vergaderings met broeders van die VSA

in Europa gehad. Wat ons vertel was, het ons geglo volgens die Woord van die Skrif: *"... liefde glo alles".* In die volgende jare het ons alles deeglik nagegaan soos hulle in Berea, en ondersoek ingestel of dit so was. Wanneer dit gaan oor beweerde uitsprake van Broeder Branham, neem ons gevolglik slegs as basis van ondersoek, dit wat alles op die bande vasgelê is, van wat Broeder Branham in die byeenkomste gesê het.

Tot dusver het ons dit nog nie teëgekom waar Broeder Branham van 'n kalender gepraat het, wat vanself oopgegaan het en by die jaar 1977 gestop het nie. Hy het die jaar 1977 telkemale in verskillende kontekste genoem. Absoluut niks verander in die betekenis daarvan nie. Die broeders van die VSA kon dit ook nie vind nie. Hulle het net vertel dat dit in 'n manuskrip gestaan het. So, ons moet dit daar laat. Niemand moet sê: *"My Heer talm om te kom"* nie, en niemand moet fanaties 'n tyd vasstel nie. Wat wel seker is, is dat die Wederkoms van Jesus Christus op hande voor ons is. Maar die tyd en uur weet niemand nie. Mag ons dan net elke dag wakend en gereed wees.

## Huis van aanbidding

Onthou die woord: *"Werk totdat Ek kom!".* Die HERE op my hart gelê om 'n huis van aanbidding in Krefeld te bou. Vir jare het ons 'n gehuurde saal met sitplek vir 'n paar honderd mense gebruik, maar ons was daar in alle opsigte ingeperk, sodat ons besluit het om 'n groter saal te bou. Ons verwag, dat baie nog sal kom en die HERE nog groot dinge onder Sy volk sal doen. Daar sal ons die byeenkomste ongehinderd en in vryheid van gees kan hê. Die saal is nie geleë in 'n woongebied nie, sodat ons nie gesteur sal word nie. Ons sal ook alle voertuie voor die aanbiddingsplek kan parkeer, in ons eie parkeerterrein.

Al hoe meer mense word deur die radio-uitsendings aangespreek, aangaande die werk van God in hierdie tyd. In geloof wag ons op die dag wanneer die HERE Sy krag en heerlikheid soos in die dae van die apostels, bekend sal maak. Gegrond op die onfeilbare Woord van God, hou ons vas aan die beloftes wat die HERE aan Sy eie gemaak het. Ons glo, dat Jesus Christus gister, vandag en tot in

ewigheid dieselfde is. Hy red, Hy genees en bevry. Niks is by Hom onmoontlik nie. Vir hulle wie glo, is enigiets moontlik. Die HERE sal groot eer aan Sy Naam bring, Sy Woord as waar bevestig en hulle wie aan Hom behoort, oorvloedig seën.

Ons hoop om in die toekoms nog vele meer te kan verwelkom by Krefeld. Almal wat hier was al, het groot seëninge ontvang en kom telkens weer.

As God wil en daar is niks wat voorval nie, behoort die saal in Maart gereed te wees, sodat die inwyding op die eerste naweek in April kan wees. Ons sal dit deur die volgende omsendbrief aankondig.

Die getroue God seën almal wat met ons verbind is en help met die projek. Hy sal elkeen beloon volgens die rykdom van Sy genade.

## Leesstof — Opnames

Ons het besluit om die radiopreke van 'n paar maande as ’n saamgevatte brosjure te publiseer. Daarin hanteer ons belangrike onderwerpe van die Heilige Skrif en gaan in besonder in op die laaste boek van die Bybel. Vir vele het hierdie uitsendings reeds ‘n seën geword.

'n Inhoudsopgawe is beskikbaar vir die reeds gepubliseerde boekies, brosjures, band-opgeneemde preke en kassette. Ons beplan om twee nuut-vertaalde band-opgeneemde preke van Broeder Branham in Desember vry te stel. Sodra dit gedruk is, sal die versending plaasvind. Ons hoop om hiermee vir almal nog ‘n bietjie vreugde vir die vakansie te bring.

## 'n Kennisgewing

Ons stuur die literatuur aan alle adresse wat tot ons beskikking is, maar ons is egter nie altyd seker of almal wie se adresse aan ons gestuur is, belang stel om hierdie lektuur te ontvang nie. As dit nie die geval is nie, laat weet ons asseblief. Ons wil onsself op niemand afdwing nie en ook onnodige kostes verhoed. Alle versendings is moontlik gemaak deur vrywillige skenkings.

## Seënwense

Ek wens almal van harte die seëninge van die Almagtige God toe vir die vakansie en ’n ryklik-geseënde nuwejaar. Mag Psalm 20, verse 5-6 letterlik in die lewens van al Sy kinders vervul wees.

Dit is vir ons 'n groot plesier om die kosbare Woord van God aan baie duisende te bring. Daarby ingesluit is die radio-uitsendings, die publikasie van die band-opgeneemde preke, asook die vertaalde boeke en brojures met Broeder Branham se preke. Almal wie ons help in hierdie wêreldwye sendingwerk, groet alle lesers en luisteraars van die eindtydboodskap. Die gemeente in Krefeld voel ook ’n warm gebondenheid met almal.

Mag die getroue God alle Duits-sprekende broeders en susters seën, veral in Switserland, Oostenryk en Duitsland, sowel as dié in ander lande van Europa, asook alle broeders en susters oorsee, wat met hul gebede en gawes agter hierdie sendingwerk staan. Mag die HERE almal ryklik vergeld en beloon in die heerlikheid, is my opregte gebed. In die liefde van God is ons vir ewig verbind.

Gelewer in opdrag van God.

Br. Frank

Soos God wil en genade skenk, saai ek preke regstreeks uit, elke **eerste Sondag van die maand** en elke **laaste sondag van die maand,** die sg. "Zurich Sondag", om **10h00.**

Weekliks vind heruitsendings aanlyn plaas, soos volg:

- elke Woensdag om 19h30
- elke Saterdag om 19h30
- elke Sondag om 10h00

**NB! Die tye word hier aangedui volgens die 'Central European Time' (CET)**

Die preke oor die Internet kan nou in verskillende internasionale tale gehoor word. U kan hierdie uitsendings direk aflaai vanaf die tuisblad:

www.freie-volksmission.de

(vind dit onder "Broadcasts" en "Downloads")

asook via ons YouTube-kanaal by:
www.youtube.com/user/FreieVolksmission.


**Sending-Sentrum**
**Posbus 100707**
**D-47707 Krefeld**

**e-Pos: volksmission@gmx.de**

Kontak in Suid Afrika: pretoriamissioncentre@gmail.com

Telefoniese kontakte vanoor die hele Suid Afrika:

Afrikaans: ........................ +27-73-631-7762*

English: …………………… +27-76-112-2702

Shona: ............................. +27-81-714-4053

Sotho/Tsonga/Venda: ….. +27-83-748-4736

Xhosa: ............................. +27-61-469-6007

Zulu: …............................ +27-83-925-3156



Duplisering en kopiëring hiervan kan net met goedkeuring geskied



Outeer en uitgewer: Sendeling E. Frank, Krefeld. Duitsland.

***Afrikaanse vertaling: Broeder C. Golden, Pretoria. Suid Afrika**